Hy's die Bruidegom wat in oorvloed voorsien

Skrifvoorlesing uit Johannnes 2:1-12

Kan jy dink aan 'n meer gepaste geleentheid vir 'n eerste wonderteken? 'n Gewone plattelandse troue waar die wyn opraak.

Wat 'n verleentheid?
Wat 'n geleentheid!

So is dit beskik dat Jesus en sy dissipels juis na hierdie troue genooi is en dat Jesus se moeder ook daar was. Sy sien die nood raak en sy weet in haar hart dat Jesus gestuur is om mense van veel meer as net hierdie verleentheid te kom red.

Hy dié Bruidegom is gereed om sy Bruid vir ewige aan Hom te verbind. Daar wag 'n groot fees met die beste wyn vir hulle wat in Hom glo. Vir sy Bruid wag daar 'n ongekende volheidslewe. Watter teken gaan hy gee om ons soveel hoop te gee dat ons bereid sal wees om op Hom te wag totdat Hy weer kom?

Ses klipkanne wat elk ongeveer 100 liter water hou kry deur sy krag meteens nuwe inhoud en betekenis: Uit sy oorvloed voorsien Hy en sal Hy bly voorsien. Wie in Hom glo sal nie teleur gestel word nie.